**Deur President Dieter F. Uchtdorf**
Tweede Raadgewer in die Eerste Presidensie



# Die Woord van God aan sy Kinders

Die skrifture vertel ons dat die eerste ding wat God gedoen het nadat Hy man en vrou geskape het, was om met hulle te praat.[1] Hy het noodsaaklike inligting en kosbare instruksies gehad om vir hulle te gee. Sy doel was nie om hulle te belas of om hulle te bekommer nie, maar om hulle te lei na geluk en ewige heerlikheid.

En dit was net die begin. Van daardie dag tot nou, het God aangehou om met sy kinders te kommunikeer. Sy woorde is bewaar, gekoester, en bestudeer deur dissipels van elke geslag. Hulle word eerbiedig deur diegene wat die wil van God wil weet, en hulle getuig van die waarheid dat "die Here God niks doen tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie."[2]

Dit was die patroon sedert die begin van tyd, en die patroon duur vandag voort. Dit is nie net ŉ mooi Bybelstorie nie; dit is God se manier om noodsaaklike boodskappe aan sy kinders te kommunikeer. Hy rig persone uit ons midde op, roep hulle om profete te wees, en gee hulle woorde om te sê wat ons genooi word om te "ontvang, asof van [sy] eie mond."[3] Hy het verklaar: "Hetsy deur my eie stem of deur die stem van my diensknegte, dit is dieselfde."[4]

Dit is een van die mees heerlike, bemoedigende en hoopvolle boodskappe van die Herstelling—God is nie stil nie! Hy het sy kinders lief. Hy het ons nie gelaat om in die duister te wandel nie.

Ons het twee keer per jaar, in April en Oktober, die geleentheid om die stem van die Here te hoor deur sy dienaars in ons wonderlike algemene konferensies.

Ek gee julle my persoonlike getuienis dat lank voor ŉ spreker daardie lang paadjie na die podium neem, het hy of sy ontsaglike moeite, gebed en studie ingesit in antwoord op die opdrag om te praat. Elke konferensieboodskap verteenwoordig ontelbare ure van voorbereiding en hartstogtelike pleidooie om te verstaan wat die Here wil hê sy Heiliges moet hoor.

Wat kan gebeur as ons as luisteraars die sprekers se voorbereiding met ons eie ewenaar? Hoe kan ons benadering ten opsigte van algemene konferensie anders wees as ons konferensie sien as ŉ geleentheid om boodskappe van die Here self te ontvang? Deur die woorde en musiek van algemene konferensie kan ons verwag om persoonlike antwoorde te ontvang op watter vrae of probleme ons ook al mag hê.

As jy ooit wonder of Hemelse Vader regtig tot jou sal spreek, wil ek jou herinner aan die eenvoudige tog diepgaande woorde wat ons Primêre Organisasie-kinders sing: "[You are] a child of God, and he has sent [you] here." Sy doel is om jou te help om weer eendag saam met Hom te lewe.

As jy Hemelse Vader as sy kind nader, kan jy Hom met ŉ opregte hart vra: "Lead me, guide me, walk beside me, help me find the way. Teach me all that I must do." Hy sal

met jou praat deur sy Heilige Gees, en dan is dit jou plig om "sy wil te doen." Ek belowe dat as jy dit doen, sal ryke seëninge op jou wag.[5]

Die Here se leiding is vandag net so nodig as wat dit ooit in die wêreld se geskiedenis was. As ons voorberei om die woord van die Here te hoor, mag ons ywerig die Gees van waarheid soek sodat wanneer die Here deur sy dienaars praat, ons mag verstaan, opgebou word, en saam verbly.[6]

Ek getuig dat "deur hierdie dinge te doen, sal die poorte van die hel nie seëvier oor [ons] nie; ja, en die Here God sal die magte van die duisternis verdryf van voor [ons], en die hemele laat skud tot [ons] voordeel, en sy Naam se heerlikheid."[7]

**NOTAS**

1. Sien Génesis 1:28.
2. Amos 3:7.
3. Leer en Verbonde 21:5.
4. Leer en Verbonde 1:38.
5. "I Am a Child of God," *Hymns,* no. 301; *Children's Songbook,* 2–3.
6. Sien Leer en Verbonde 50:21–22.
7. Leer en Verbonde 21:6.

**LERINGE UIT HIERDIE BOODSKAP**

Tydens algemene konferensie kan ons persoonlike antwoorde op ons vrae en probleme ontvang as ons na God se aangestelde diensknegte luister. Oorweeg om met diegene wie julle besoek, te bespreek hoe hulle kan voorberei om sulke antwoorde gedurende algemene konferensie kan ontvang. President Uchtdorf moedig ons aan om "ywerig die Gees van waarheid te soek." Wat dink jy beteken dit, en hoe kan jy hierdie in jou voorbereiding inkorporeer? Bykomend tot die seëninge wat in Leer en Verbonde 21:6 genoem word, watter ander seëninge kom as jy voorberei om die woorde van die Here te hoor deur sy dienaars? Jy kan diegene wat jy leer, nooi om in 'n joernaal te skryf wat die Gees hulle leer in hierdie algemene konferensie.

## JEUG

### Voorbereiding om God se Stem te Hoor

President Uchtdorf verduidelik dat die eerste ding wat God gedoen het nadat hy man en vrou geskape het, was om met hulle te praat en hulle kosbare inligting en instruksies te gee. Ons kry daardie selfde seëning in April en Oktober tydens algemene konferensie wanneer Kerkleiers ons toespreek en ons leiding gee wat die Here wil hê ons moet hoor.

Het jy al ooit God se stem gehoor deur sy diensknegte tydens algemene konferensie? Het jy al ooit gevoel of een spesifieke boodskap jou die antwoord wat jy gesoek het gegee het? Jy kan daardie ondervinding en hoe dit jou gehelp het in 'n joernaal neerskryf. Berei dan voor om die Here se stem hierdie komende konferensie te hoor deur vrae wat jy het neer te skryf en hulle gedurende jou skriftuurstudie te bestudeer. Bid tot Hemelse Vader en vra om antwoorde en insigte te ontvang gedurende konferensie. Terwyl jy na die dienaars van die Here luister, fokus op individuele influisteringe. Wat het jy geleer? Hoe het jy geïnspireerd gevoel om te verander? Skryf daardie influisteringe neer want dit is die Gees wat met jou praat!

Onthou altyd dat Hemelse Vader jou liefhet en jou in die regte rigting sal lei. As jy strewe om sy stem deur sy dienaars te hoor, sal jy geseënd en gestig word.

## KINDERS

### Maak Gereed vir Konferensie!

Skryf daardie influisteringe neer op 'n stuk papier. Hou die papier by jou gedurende konferensie sodat jy kan neerskryf wat jy leer.

Skryf jou vrae neer. Ek wonder oor . . .
Bid tot Hemelse Vader. Ek sal hou van hulp om te leer oor . . .
algemene konferensie Ek het geleer . . .

© 2018 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in VSA. Engelse goedkeuring: 6/17. Vertalingsgoedkeuring: 6/17
Vertaling van *First Presidency Message, March 2018*. Afrikaans. 15049 501

Geloof, Familie, Verligting

# Bid vir Elke Suster by Naam

*Ons liefde vir en inspirasie aangaande diegene wat ons besoek sal toeneem as ons nederig vir elke suster spesifiek by die naam bid.*

Die skrifture gee baie voorbeelde van mans en vroue wat vir ander by die naam gebid het. Onder die mees dramatiese is die vader van Alma die Jongere. 'n Engel het met Alma die Jongere gepraat en hom vertel dat sy vader "gebid [het] met baie geloof aangaande jou . . . ; daarom, om hierdie doel het ek gekom om jou te oortuig van die krag en gesag van God, dat die gebede van sy diensknegte verhoor mag word volgens hulle geloof" (Mosia 27:14).

Om vir ander te bid maak ons harte oop om die seëninge te ontvang wat die Here vir ons wil gee. "Die doel van gebed is nie om God se wil te verander nie, maar om vir onsself en vir andere seëninge te verkry wat God reeds gewillig is om te gee, maar waarvoor ons moet vra ten einde dit te verkry."[1]

Een suster het vertel dat gedurende 'n moeilike periode in haar lewe, het 'n telefoonoproep of eenvoudige boodskap dikwels van haar vrouebesoekers gekom op "besonder donker dae." Dit het gelyk of hulle net geweet het wanneer sy opkikkering nodig gehad het. Sy het geweet dat hulle vir haar gebid het, beide gedurende hulle besoeke en op hulle eie.

Julie B. Beck, voormalige Algemene Verligtingsvereningspresident het gesê: "Dink aan ons gekombineerde krag as elke suster elke oggend en aand opreg bid, of, nog beter, aanhoudend gebid het soos die Here gebied het."[2] Gebed vir diegene wat ons besoek versterk ons as individue en as Laaste-Dae Heilige vroue.

President Henry B. Eyring, Eerste Raadgewer in die Eerste Presidensie, het gesê: "Bid vir 'n manier om hulle harte te ken. . . . Jy sal moet weet wat God wil hê jy moet doen om hulle te help en om dit alles te doen, soveel as wat jy kan, om God se liefde vir hulle te voel."[3]

**NOTAS**

1. Gids tot die Skrifture: "Gebed".
2. Julie B. Beck, "What Latter-day Saint Women Do Best: Stand Strong and Immovable," *Liahona,* Nov. 2007, 110.
3. Henry B. Eyring, "Priesthood and Personal Prayer," *Liahona,* Mei 2015, 85.

## *Ter Oorweging*

Watter onlangse inspirasie en idees het na jou gekom terwyl jy gebid het vir die individuele susters wat jy besoek?

## *Bediening*

Deur vir elke suster by die naam te bid, sal ons persoonlike openbaring ontvang om te weet hoe om te reageer op die behoeftes van elke suster wat ons besoek.

© 2018 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in VSA. Engelse goedkeuring: 6/17. Vertalingsgoedkeuring: 6/17
Vertaling van *Visiting Teaching Principles, March 2018.* Afrikaans. 15049 501